

AFRIKAANS HUISTAAL

Beste Graad 12-leerder

In Afrikaans Huistaal leer jy hoe taal in werklikheidsgetroue situasies gebruik word. Die klem val op die gevorderde gebruik van die vaardighede luister en praat, lees en kyk, skryf en aanbied asook op taalstrukture.

Vakvereistes

Jy het die volgende nodig vir die vak:

- ➔ 'n Goedgekeurde taalhandboek
- ➔ Voorgeskrewe boeke (Roman, Drama en Digkuns) Lees die roman en die drama voordat die skooljaar begin; probeer om dit teen einde Januarie klaar te lees.
- ➔ Skryfboeke vir Skryfwerk, Taal en Voorgeskrewe
- ➔ 'n Woordeboek
- ➔ 'n Versameling koerante en tydskrifte

Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy moet gebruik om te verseker dat jy al die Graad 12-inhoud gedek het

Leesbegrip & Opsomming

- ➔ Interpretasie van visuele tekste
- ➔ Leesbegripstrategieë
- ➔ Woordeskatontwikkeling en taalgebruik
- ➔ Sinstrukture en die organiseren van tekste
- ➔ Kritiese taalbewustheid
- ➔ Doel en formaat van opsommings

Taalstrukture en -konvensies

- ➔ Taalverskynsels
- ➔ Betekenisleer en figuurlike taal
- ➔ Woordvorming
- ➔ Klankleer en spelling
- ➔ Skryf- en leestekens
- ➔ Woordsoorte
- ➔ Verbindingswoorde by die skryf van sinne en paragrawe
- ➔ Enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne
- ➔ Direkte en indirekte rede
- ➔ Lydende en bedrywende vorm (aktief en passief)
- ➔ Ontkenning, Tye en Sinswyse
- ➔ Feit en mening, direkte en geïmpliseerde betekenis
- ➔ Denotatie, konnotasie, agtergrond van tekste en outeur
- ➔ Gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel, diskriminasie, stereotipering, taalvariëteite, afleidings, aannames, argumente, doel met die insluiting of uitsluiting van inligting

Letterkunde

Jy moet kontekstuele sowel as opsteltipe vrae beantwoord. Jy sal die volgende genres bestudeer en daarvoor geëksamineer word:

Digkuns (12 gedigte)

- ➔ Letterlike en figuurlike betekenis
- ➔ Verstegniese middele: uitkenning en funksies
- ➔ Uiterlike en innerlike bou; soort gedig
- ➔ Rym: rymskema en die funksies daarvan
- ➔ Titel, tema, beeldspraak, stylfigure en klankeffekte

Roman

- ➔ Die inhoud van die boek
- ➔ Karakter, karakterontwikkeling en karakterisering
- ➔ Karakters se interaksie met mekaar
- ➔ Intrige en subintrige (spanningslyn)
- ➔ Innerlike en uiterlike konflik
- ➔ Temas en boodskappe

- ➔ Ironiese wending / afloop
- ➔ Rol van die verteller /perspektief
- ➔ Agtergrond en milieu
- ➔ Tydsverloop (chronologies, terugflitse, tydspronge)

Drama

Al die aspekte by die Roman, asook:

- ➔ Dramatiese struktuur
- ➔ Dramatiese ironie
- ➔ Toon, stemming en toneelaanwysings (neweteks)
- ➔ Verband tussen dialoog / monoloog/ alleenspraak en handeling

Skryfwerk

- ➔ **Opstelle:** Verhalend, Beskrywend, Verklarend, Argumenterend, Bespiegeland, Beredenerend
- ➔ **Langer transaksionele tekste:** Vriendskaplike / formele of informele briewe aan die pers / formele briewe (versoek/ klagte / aansoek / bedanking / gelukwensing / simpatie / sakebrief) / curriculum vitae en dekbrief / huldeblyk / agenda en notule (as 'n kombinasie) / formele of informele verslag / resensie / koerantberig / tydskrifartikel / geskrewe formele of informele toespraak / dialoog / geskrewe onderhoud

Assessering

Skoolgebaseerde Assessering bestaan uit:

- ➔ 1 toets: **35 punte**
- ➔ 2 eksamens (of 1 eksamen + 1 toets) (halfjaar / toets en Voorbereidend / toets): **250 punte elk**
- ➔ 2 skyftake (opstel en lang transaksionele teks): **75 punte**
- ➔ 1 Letterkundetaak: **35 punte**
- ➔ **Totaal: 695 ÷ 6,95** **100 punte**

Die eksterne eksamen bestaan uit 4 vraestelle:

- ➔ **Vraestel 1:** Begrip, Opsomming en Taalstrukture en -konvensies: **70 punte**
- ➔ **Vraestel 2:** Letterkunde (Digkuns, Roman en Drama): **80 punte**
- ➔ **Vraestel 3:** Skryf (Opstelle en twee langer transaksionele skryfstukke): **100 punte**
- ➔ **Vraestel 4:** Mondeling **50 punte**
- ➔ **Totaal** **300 punte**

Wenke vir sukses

- ➔ Lees gereeld boeke, artikels, resensies, spotprente en rubrieke in koerante en tydskrifte. Bespreek dit wat jy lees met jou maats.
- ➔ Lees elke dag ten minste 1000 woorde en skryf ten minste 350 woorde in Afrikaans.
- ➔ Vra jou onderwyser vir 'n bestek van die Graad 12-inhoud. Dit sal jou 'n volledige oorsig van die inhoud gee. Plak dit in jou oefenboek. Merk elke onderwerp af soos dit in die klas onderrig word en skryf die ooreenstemmende bladsynommers uit die handboek langs die onderwerp neer.



Telematiese Video's

<https://qr.go.page.link/yivQQ>